**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Saak Nr. : 2499/2005**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **SUNé CAIRNS** | Applikante |
| en | |
| **DUNCAN CAIRNS** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **AANGEHOOR OP:** | 18 AUGUSTUS 2005 |
| **UITSPRAAK DEUR:** | HANCKE R |
| **GELEWER OP:** | 19 AUGUSTUS 2005 |

---

[1] Die huidige aansoek gee voor om 'n Reël 43-aansoek te wees, waarin applikante sekere regshulp vorder waarvan slégs die omvang van die onderhoud, vermoënsregtelike verpligtinge en bydrae tot koste in geskil is.

[2] By die aanvang van die aansoek, het Mnr. Pohl, namens die

respondent, aansoek gedoen om skrapping van die aansoek, met 'n gepaste kostebevel.

[3] Volgens Hofreël 43(2) moes die applikante se beëdigde verklaring "in die aard van 'n deklarasie" gewees het, terwyl respondent in antwoord daarop 'n beëdigde verklaring "in die aard van 'n pleit" moes afgelewer het.

[4] Ondanks die voorgaande Hofreëls, beslaan applikante se aansoek 51 bladsye. In antwoord hierop, verklaar die respondent die volgende:

> "Die applikante het geheel en al buite die voorgeskrewe riglyne van hierdie Agbare Hof opgetree met die lywige aansoek wat die applikante gerig het en wat veroorsaak het dat ek verplig is om 'n lywige opponerende beëdigde verklaring te liasseer wat nie nodig sou gewees het indien die applikante kort en bondig met die feite gehandel het nie."

Hy gaan egter voort en liasseer stukke wat 53 bladsye beloop.

[5] Applikante gaan daarna egter nog verder en liasseer 'n repliserende eedsverklaring van 81 bladsye. Die aansoek beslaan dus 'n totaal van 185 bladsye.

[6] Die bogemelde lywige stukke is totaal en al strydig met die doel en gees van Hofreël 43, wat beoog dat 'n hof spoedig 'n tussentydse bevel moet maak op grond van feite wat kort en bondig in die onderskeie partye se eedsverklarings uiteengesit is.

[7] Partye se lywige stukke het 'n verydeling van Hofreël 43 tot gevolg, wat neerkom op 'n misbruik van die hofproses. **NIENABER v NIENABER** 1980 (2) SA 803 (O) te 807 H; **SMIT v SMIT** 1978 (2) SA 720 (W); **VISSER v VISSER** 1992 (4) SA 530 (SOK); **PATMORE v PATMORE** 1997 (4) SA 785 (W) te 788.

[8] In bogemelde sake, wat almal van die rol verwyder/geskrap is, was die omvang van die stukke die volgende:

| | |
|---|---|
| **NIENABER**-saak: | Funderende eedsverklaring - 23 bladsye. |
| **SMIT**-saak: | Funderende eedsverklaring - 24 bladsye, opponerende eedsverklaring - 45, totaal 69. |
| **VISSER**-saak: | Funderende eedsverklaring - 34 bladsye, opponerende eedsverklaring byna 100 bladsye, totaal byna 134 bladsye. |
| **PATMORE**-saak: | Funderende eedsverklaring - 29 bladsye. |

[9] Alhoewel dit nie gewens is om 'n definitiewe beperking op die lengte van stukke neer te lê nie, behoort 'n Reël 43-aansoek gewoonweg nie meer as 30 bladsye (ongeveer 15 bladsye vir elk van die partye se verklarings) te beloop nie. 'n Hof sal egter meer toeskietlik wees waar die belange van kinders ter sprake is en dit belangrik is om voldoende feite voor te lê ten einde die Hof as Oppervoog instaat te stel om 'n korrekte beslissing te maak. Tans is die bewaring van die

kinders nié in geskil nie.

[10] Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat die huidige aansoek 'n totale miskenning van Hofreël 43 is. Hierdie Hof het 'n inherente bevoegheid om sodanige misbruik te verhinder.

[11] In **SMIT v SMIT** (*supra*) word op 722 G – H die volgende verklaar:

> "To frustrate and/or defeat the purpose or object of a Rule of this Court is an abuse of the process of this Court. When the Rule was first promulgated, the parties had to file an unsworn statement in the nature of a declaration or plea. The rulemaker then saw fit to change the Rule so that a sworn statement in the nature of a declaration or plea had to be filed. Initially the unsworn statements were in the nature of declarations or pleas. After the Rule was changed so that sworn statements had to be filed, these statements became more and more detailed. I am advised by the Registrar of this Court that it has now become almost a common practice to file lengthy affidavits and annexures, which would not properly form part of a pleading, in

> Rule 43 proceedings, notwithstanding the judgments in this and other Divisions to the contrary."

[12] Dit blyk dat daar nou 'n herhaling is van hierdie ongewensde praktyk, naamlik om al hoe meer lywige verklarings in Reël 43-aansoeke te liasseer, nie alleen in hierdie afdeling nie, maar ook in ander afdelings van die Hooggeregshof. Dit mag nie toegelaat word nie.

[13] Ten opsigte van koste, het Mnr. Pohl versoek dat die applikante gelas word om die koste van die aansoek te betaal. Soos hierbo aangetoon, het die respondent self lywige stukke geliasseer.

[14] Wanneer 'n respondent in 'n Reël 43-aansoek gekonfronteer word met lywige aansoekstukke soos die huidige, en hy/sy nie instaat is om daarop te antwoord in die aard van 'n deklarasie nie, moet sodanige party liewer poog om alternatiewe prosedure te volg, bv. deur 'n kennisgewing ingevolge Hofreël 6(5)(d)(iii), of bloot 'n aansoek om skrapping te liasseer. Vergelyk **NIENABER v NIENABER**

(*supra*) te 804 C – E; **LTC Harms Civil Practice in the Superior Courts** te B-51 en B-52. Beide partye het dus fouteer ten opsigte van die Reël 43-aansoek, en is dit na my mening gepas om geen kostebevel, behalwe soos hierinlater gekwalifiseer, te maak nie.

[15] Ten opsigte van die liassering van die applikante se repliserende eedsverklaring, is dit duidelik dat die betrokke Reël nie daarvoor voorsiening maak nie, dat dit nie toegelaat behoort te word nie, en dus in elk geval onderhewig is aan skrapping. Daar bestaan in elk geval nie ‘n behoefte vir repliek nie - indien ‘n aspek onduidelik is, kan daar van sub-reël (5) gebruik gemaak word om dit op te klaar. **MATHER v MATHER** 1970 (4) SA 582 (OK) te 585 A – B; **VAN DER WALT v VAN DER WALT** 1979 (4) SA 891 (T) te 893 B – C. Inaggenome die lywigheid van die repliserende eedsverklaring, asook die totale nie-ter sake bewerings wat daarin vervat is, is ek van mening dat dit gepas is om ‘n bestraffende kostebevel in hierdie verband teen die applikante te verleen. Daar kan egter nie aan Mnr. Pohl se

versoek voldoen word om ‘n bevel te verleen dat Hofreël 43(7) en (8) nie van toepassing sal wees, aangesien daar, na my mening, nie buitengewone omstandighede bestaan, soos wat deur die reël vereis word nie.

[16] In die lig van die voorgaande, is ek die mening toegedaan dat hierdie ‘n gepaste geval is om die Hof se inherente bevoegdheid te gebruik om ‘n misbruik van die Hofproses te voorkom en te ontmoedig, deur die verlening van die onderstaande bevele.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die Reël 43-aansoek word van die rol geskrap.

2. (a) Die applikante word gelas om die koste verbonde aan die liassering van die repliserende eedsverklaring te betaal op die skaal soos tussen prokureur-en-kliënt.

b) Andersins sal daar geen kostebevel wees nie.

---

**S.P.B. HANCKE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikante: | Adv. S.L. Reinders<br>In opdrag van:<br>Van der Merwe du Toit Ing<br>PRETORIA<br>Du Toit, Louw Botha Ing<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. L. le R. Pohl<br>In opdrag van:<br>Honey Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |

/sp